Predikante Pensioenfonds

PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR : 1/2016

AAN : ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS

PENSIOENFONDSBYDRAES VANAF 1 MAART 2016

Hierby ingesluit die tabelle vir die voordele, bydraes en premies vanaf 1 Maart 2016.

Voordele betaalbaar by sterfte voor aftrede en ongeskiktheid word bereken volgens die **maksimum traktementskaal** (dit is, basiese vergoeding wat die diensbonus insluit) ***wat geld vir die betrokke finansiële jaar en ongeag wat die leraar se werklike besoldiging is***. Die **maksimum traktementskaal** vanaf 1 Maart 2016 tot 28 Februarie 2017 is **R339 300** (Vir die vorige finansiële jaar was die maksimum traktement wat gegeld het, R 322 920)

Bydraekategorieë vanaf 1 Maart 2016 vir werkgewers en werknemers :

Die inligting word in Tabel A uiteengesit. Die kategorieë is onveranderd van 2015.

Groepversekeringskemas

Die onderstaande premies en dekkingsbedrae wysig soos volg (met die vorige jaar se dekkingsbedrae in hakies) met ingang van 1 Maart 2016:-

Groeplewensversekering	: R 1 357 200	dekking (was R1 292 000)	:R 698,69 premie per maand
Gadeversekering	: R 339 300	dekking (was R 323 000)	:R 69,90 premie per maand
Versorging van afhanklikes van leraars (VAL)	: R 339 300	dekking (was R 323 000)	:R166,28 premie per maand
			R 934,87 premie per maand

Premies is soos volg betaalbaar:

Lid	: Groeplewens	R 349,35 per maand
	: Gade	R 69,90 per maand
		R 419,25 per maand
Werkgewer	: Groeplewens	R 349,35 per maand
	: VAL	R 166,28 per maand
		R 515,63 per maand

Die VAL versekeringspremie het aansienlik gestyg weens die sterfte-eisondervinding van die vorige jaar.

Die groeplewensversekering sluit ook 'n enkelbedrag ongeskiktheidsvoordeel van R1 017 900 in. Indien die ongeskiktheidsvoordeel uitbetaal, bly 'n verpligte balans sterftedekking oor van R 339 300 tot ouderdom 60 jaar, waarna dit verval.

Die premie wat tot en met ouderdom 60 verhaal word, word na ouderdom 60 aangewend tot voordeel van u lidkrediet in die Fonds (vir aktiewe lede).

Reg nr 12/8/3699/2 Pretoriusstraat 1200 Hatfield, 0083
Posbus 13528, Hatfield, 0028
E-pos : theo@pensioene.co.za; ilana@pensioene.co.za
Tel : 012 342 0415, Faks : 0866963548
Hoofbeampte : Mnr TP Smith

Let wel dat die bedrag betaalbaar uit die VAL versekering, in die geval van die afsterwe van 'n leraar, aan die werkgewer betaalbaar is maar ten behoewe van die agtergeblewe afhanklikes aangewend moet word.

LET ASSEBLIEF DAAROP dat al die maandelikse bydraes en/of premies agteruit betaalbaar is, dit wil sê die verhoogde bydraes en/of premies is die eerste van die daaropvolgende maand betaalbaar ten opsigte van die eerste bydraes vir die nuwe finansiële jaar. Dit is baie belangrik om daarop te let dat die bydraes laastens teen die 7de van die maand wat volg op die maand waarvoor die premies betaalbaar is, inbetaal moet wees. Die Pensioenfondswet vereis dit. Indien dit na die datum inbetaal word, sal daar rente op die laat betaling van die bydraes gehef word teen 'n rentekoers soos bepaal deur die Wet.

TKVI en belastingaftrekbaarheid van bydraes

Met ingang van 1 Maart 2015, is bydraes vir die eerste keer op vol pakket bereken, eerder as op maksimum traktement. Hierdie vol pakket het ons verwoord as Totale Koste van Indiensneming (TKVI). Die oorgrote meerderheid van gemeentes het op hierdie basis hul bydraes bereken. Enkeles, wat ons per skrywe ingelig het, het dit nie gedoen nie en is op 'n verstekopsie geplaas (gelykstaande aan die 2014 bydraekoerse). Alle gemeentes/leraars het egter die keuse om miv 1 Maart 2016 hul pakkette te struktureer, gegewe enige verhogings volgens die jongste vergoedingsriglyne. Dit is ook die geleentheid (die enigste geleentheid van die jaar) om bydraekategorieë-veranderings aan te bring.

Die wysigingwetsontwerp tov belastingwetgewing waarvan melding gemaak is tydens die TKVI-inligtingsessies, is uiteindelik goedgekeur deur die Nasionale Provinsiale Raad op 1 Desember 2015 en moet nou slegs deur die Staatpresident geteken word om dit wet te maak. Indien wel, moet salarisrol-diensverskaffers die nodige wysigings aanbring sodat werkgewerbydraes aangedui word as 'n byvoordeel in die hande van werknemers. Werknemers sal dus potensieël, afhangend van hul bydraekategorie, kwalifiseer vir die volle 27,5% belastingaftrekbaarheid op bydraes.

Korrektheid van data en begunstigde benoemingsvorms

Die bestuurskomitee versoek dat leraars van tyd tot tyd seker maak dat hul persoonlike besonderhede – soos dit op die web en voordeelstate verskyn – korrek is. Terwyl alles moontlik gedoen word om korrektheid van data te verseker, is dit ook die lid se verantwoordelikheid om seker te maak dat sy eie besonderhede korrek gereflekteer word. Leraars word ook versoek om te verseker dat hul begunstigde benoemingsvorms voltooi is en by hul werkgewers op leêr gehou word.

Vriendelike groete

TP SMITH
KANTOORBESTUURDER

VOORDELE VIR LEDE VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS KRAGTENS DIE TRAKTEMENTSKAAL OP 01 MAART 2016

Die persentasies in tabel A is die persentasie wat gebruik word om die bydrae te bereken volgens die TKVI (Totale Koste van Indiensneming) van die leraar soos ooreengekom tussen hom en sy gemeente.

TABEL A
Maandelikse Bydraes gebasseer op TKVI

	Bydraekategorie						
	1	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**
Werknemer-bydrae	4,2%	5%	6,1%	7%	7,5%	7,5%	7,5%
Werkgewer-bydrae	9,3%	10%	11,4%	13%	15%	17,5%	20%
Totale bydrae	13,5%	15%	17,5%	20%	22,5%	25%	27,5%

TABEL B

MAKSIMUM TRAKTEMENT PLUS DIENSBONUS : R 339 300 vir sterfte en ongeskiktheid alleen.

STERFTEVOORDELE TEN OPSIGTE VAN DOOD VOOR AFTREDE

Versekerde voordeel betaalbaar uit Fonds	**Ouderdom volgende verjaarsdag**	**Veelvoud van maksimum traktement**	**Traktement R 339 300**
	18-40	10	R 3 393 000
	41-50	9.35	R 3 172 455
	51-55	8.15	R 2 765 295
	56-60	6.05	R 2 052 765
	61-65	5.20	R 1 764 360
Fondsvoordeel	Lid se opgeloopte fondswaarde op datum van dood		
Groeplewensversekering	R 1 357 200		
Gadeversekering	R339 300		

Inrigting	**Maksimum bedrag**	**Maksimum periode**
Voorskool	R 32 000 per jaar	1 Jaar
Laerskool	R 64 000 per jaar	7 Jaar
Hoërskool	R 72 000 per jaar	5 Jaar
Tersiêre inrigting	Plaaslik : R 45 000 per jaar Internasionaal : $ 52 000 per jaar	Durasie van eerste grad

Ongeskiktheidsvoordele	
Jaarlikse ongeskiktheidsinkomste	Die kleinste van R 375 000 of 75% van pakket.
Enkelbedrag uit groepskemas	R1 017 900 indien goedgekeur.